Les 7 Moses

Kernboodskap
God sal vir ons sorg.

Aanvangsaktiwiteit
Deel vir elkeen 'n stukkie klei uit. Laat hulle 'n mandjie vorm met die klei. Terwyl hulle besig is, gesels sommer oor die dinge van die week wat verby is. Waarna sien julle uit? Wat is lekker en wat is sleg? En waaraan dink hulle kan hulle bietjie harder werk? Gebruik die paar oomblikke wat hulle die klei vorm om die kinders beter te leer ken.

Skriflesing
Eksodus 2:1-9 *dieBybel@kinders* bl.86-87

Wat kan ons hieruit leer?
Kan julle sien hoe God vir Moses gesorg het? Hy het hom gered van die wrede farao omdat die farao se dogter hom in die riete gevind het. Die Here het toegelaat dat Moses in die paleis grootword en hy het 'n prins geword! Die rede hoekom God vir Moses gesorg het, is omdat hy 'n spesiale plan met Moses gehad het. Hy wou die Israeliete red! God het met elkeen van ons 'n plan. Daarom beskerm God ons en daarvoor moet ons dankie sê! Dink aan iets waarvoor jy vandag vir God kan dankie sê!

Vrae oor vandag se les:
Hoekom wou die mamma haar seuntjie wegsteek? *Want die farao wou al die Israeliete doodmaak.*
Wat het die mamma toe met die seuntjie gedoen? *Sy het hom in die mandjie tussen die riete gaan sit by die Nylrivier.*
Wat het julle geleer van vandag se les? *Dat God ons altyd sal beskerm. Dat ons hom kan vra om ons te help as ons bang is, net soos Moses se mamma om hulp gevra het.*
Wat was Moses se mamma se naam? *Miriam.*

Kom ons bid saam....
Liewe Jesus. Dankie dat U vir my sorg. Ek is lief vir U! Amen.

Riglyne vir die groepleier

Jy gaan die volgende benodig vir hierdie lessie!

- dieBybel@kinders
- Uitdraaikryte of inkleurpotlode
- Speelklei om vir elke kind uit te deel

aktiwiteit 7

God sorg vir…

Skryf iets neer waarvoor jy God die week wil vra om voor te sorg!

_____

_____

tuis opdrag

Kyk of jy die week die 10 plae kan opnoem!